# Hoërskool Oos-Moot

# 1952



Mnr JC Geertsema (Hoof)




## GREPE UIT DIE GESKIEDENIS

8 JANUARIE

Op die hoek van Pierneefstraat en 25ste laan, Villieria staan 'n nuwe sierlike skoolgebou wat opgerig is vir laerskoolleerlinge van die omgewing. (nou Laerskool Pierneef se skoolgronde).

Hier neem die nuwe Derdepoortse Hoërskool vandag in aanvang.
Ons skool het bekend gestaan as die Derdepoortse Hoërskool.
Skooladres: Hoek van Pierneefstraat en 25ste laan, Villieria.
Ons begin met 211 leerlinge, 14 personeellede onder leiding van die hoof mnr JC Geertsema.
Die skool is begin met die st.8-leerlinge as die seniors van die skool.

Die skoolgronde was woes begroei met hoë gras en speelruimte was daar nie.
Enkelbanke was nie beskikbaar vir die klaskamers nie en moes dubbelbanke gebruik word totdat dit uitgeruil kon word vir enkelbanke.
Die laaste uitruiling van banke het aangehou tot in 1953.



Skoolgebou in Pierneeffstraat

28 FEBRUARIE
Vandag is 'n tweedehandse klavier vir die skool aangekoop nadat 'n paar onderwysers borg geteken het vir die geld by Volkskas.

29 FEBRUARIE
Inspekteur Nel het vandag ʼn paar stukkies Natuurwetenskap apparaat gebring en diefwering is voor die tikkamer se venster aangebring.

12 MAART
In die huishoudkundesentrum word die nodige elektriese kragpunte aangebring vir die elektriese stowe.

21 MAART
Tien houtwerkbanke word vandag afgelewer.

27 MAART
Die speelgronde word vandag geskoffel en gelykgemaak.

11 AUGUSTUS
Die elektriese masjiene in die handwerksentrum word aangeskakel asook die koelkas in die huishoudkundesentrum.

28 AUGUSTUS
Die vier korfbalspanne speel een middag per week op East Lynne en een middag op Silverton se bane (onderskeidelik) hul eerste wedstryde teen die Tegniese Kollege, Pretoria.
Die vierde span wen hul wedstryd terwyl die ander drie die onderspit delf.




6 OKTOBER
Hul begin met die omheining van die skool. "Hoe moeilik was dit om die leerlinge by die skool te hou" - Mnr Geertsema.

28 NOVEMBER 1952
Die skool sluit vir die Desembervakansie met 230 ingeskrewe leerlinge.

INTERESSANTHEDE
Daar was nog nie formele skooldrag nie.
Die skoolterrein was begroei met hoë gras en volop verkleurmannetjies wat die leerders in die klasse ingebring het.
(Foto's uit die joernaal van Mnr Geertsema)
Die eerste jaarblad vir die skool is eers in 1953 uitgegee. Daar was nie geld nie, dus was die bladjie nie gedruk nie, dun, nie indrukwekkend nie en bevat dit ook nie foto's nie. "Maar ons sê net soos die grondleggers van ons skone moedertaal wat by die verskyning van die eerste ou nietige blaadjie in Afrikaans gesê het:

"Klein begin - aanhou win"